



# KAMMANUUS

'N PUBLIKASIE VAN ONSDORP.COM

Nommer 252

9 Februarie 2009

## TOULEIER

### Die 'singende' duine van Katar



Laas Vrydag, ons Mohammed-sondag, het Loddy en Riaan, organiseerders en kitaarslaners van die organisasie Suid-Afrikaners in Katar, sowat honderd Saners hier in Katar bymekaar gebring. Ons is met veertig vierwielaangedrewe voertuie die woestyn in.

Eers het ons by 'n plaaslike weergawe van 'n hipermarkparkeerterrein bymekaar gekom by 'n reuse inkopietrolle wat seker drie verdiepings hoog is. Gaan kyk maar op die webwerf waar ek langs die ding se wiel staan as jy wil sien hoe tamaai hy is!

Die skakel is [www.onsdorp.com/katar.html](http://www.onsdorp.com/katar.html)

Daar is ook 'n hele reeks foto's van ons besoek aan 'n sinkgatgrot van sowat 40m diep onder die kalkklippe.

Wens ek het ook 'n sneppie geneem van die paar dowwe kopdoektiensers wat ons stemming wou kom breek het. Hulle het die geduldsvlakke maar lelik geteister deur hul duur speelding (seker die soveelste 4x4 wat pappie gekoop het) se petrolpedaal daar tussen ons plat teen die planke te trap terwyl die kar nie in rat is nie.

So tussen die geraas en die knalle het ek gewens ek het 'n aartappel wat ek in die uitlaat kon stop. Sou seker een in sy gat ook gedruk het as ek net gehad het.

Wonder of die laaities besef het hoe gevaarlik 'n paar gatvol Suid-Afrikaners kan wees. Gelukkig was ons nugter. Die arm bloedjies het seker ook nie ander maniere om die hormone te verwerk nie. Mag mos nie naby die meisies kom nie.

Vanaf die sinkgat tussen die kamele deur is ons duine toe. Die "singende" duine. Rêrig besonders om te hoor hoe brul die sand as 'n mens dit so aftrap teen die duine.

Ek is natuurlik dadelik teruggevoer na die tweede nege maande wat my ma vir my moes wag - die tydjie wat ek vir PW Botha in Walvisbaai in die artillerie moes gaan diensplig doen.

Ons moes Duin Sewe een keer per week met gewere en al oorsteek. Sommer so vir 'n vinnige oefeninkie op pad terug basis toe.

Dié keer het ek en die knieë maar onderlangs gebly en die meisies opgepas. Toe die son sak word die braaiviliesvure aangeslaan en verskyn daar 'n nul persent biertjie of twee. Smaak en maak maar net nie die selle nie.

Daar was ook hier en daar die ware Jakob vir dié wat nie hoef te bestuur nie.

'n Mens maak nie voetspore bo-op 'n duin as jy die hele dag net op jou gat bly sit nie.

-- Ou Arabiese spreuk





## ROELFIE SLAAT RAAK

### 👉 Oplaas goeie nuus vir Duskantland!

Miesies Ivy Kastydieboere is voorwaar 'n veelsydige vrou. Eers het sy die SABC in die grond in bestuur (waar hy steeds is), en toe 'n gemors gemaak van haar premierskap van die Vrystaat.

Die afgelope paar jaar het sy hand en tand geveg teen kompetisie vir die staatsbeheerde soustrein Helkom, en sodoende gesorg dat die land nie goedkoop telefoondienste en bandwydte, en genoeg daarvan, kan kry nie. In die proses is ekonomiese vooruitgang op uitnemende wyse gekniehalter.

Maar nou het die hof miesies Ivy se draad geknip. So vasbeslote was sy om die Helkom-monopolie te beskerm, dat sy selfs (met belastinggeld) teen die uitspraak geappelleer het.

Lisensies is reeds aan honderde instansies verskaf om hul eie netwerke onafhanklik van Helkom op te rig. Dit beteken dat internetgebruikers hier van die middel van die jaar af 70% tot 80% minder vir hul internetverbindinge gaan betaal, en dat dit ook vinniger sal wees. Gebruikers van landlyntelefone en selfone kan ook drastiese verlagings te wagte wees, want elke enkele konneksie hoef nie meer deur Helkom te gaan nie.

Ná al die verlore jare word Duskantland dus spoedig werklik deel van die wêreld van die internet – bereikbaar, beskikbaar en hoogs bekostigbaar.

► **Die vrye mark klop sentrale beplanning altyd – vra maar die eertydse Sowjet Unie.**

### 👉 Moegapie wek bewondering

Die politieke leiers van Suider-Afrika – só berig Roelfie se ore in Afrika – sê hulle is geweldig beïndruk met die manier waarop Robber Moegapie die konsep van 'n verkiesing herontwerp het.

"Dis briljant!" het een staatshoof gesê. "Jy kan by die stembus verloor. Jy kan jou land in die afgrond in regeer, met miljoene wat aan hongersnood en cholera sterf. Jou geld kan minder as toiletpapier werd wees en 94% van jou mense kan werkloos wees - en jy kan steeds in totale beheer wees!"

'n Ander swart leier het gesê die mooiste van die hele ding is dat jy net geduld moet hê. "Jy het nie 'n beleid of selfs 'n kabinet nodig nie – jy byt net vas en weier om te loop!"

► **Nou ja, dis darem ook nie asof Moegapie hierdie resep uitgevind het nie. Eintlik het hy dit maar net vervolmaak . . .**

### 👉 Nog 'n vakansiedag?

Roelfie het vertroulik verneem dat daar nog 'n vakansiedag op ons reeds oorvol vakansiekalender geplak gaan word: 30 Januarie sal voortaan as Nasionale Misdadag gevier word ter ere van die finale ontbinding van die Skerpioene - die enigste vervolgingsliggaam wat darem nog so nou en dan 'n paar ANC-skelms ondersoek en vervolg het. Wat dan natuurlik ook die rede vir sy ontbinding is.

As daar nou vakansiedae uitgeroep word vir elke pro-misdadstap wat al geneem is, gaan ons een van die dae baie min werk: die afskaffing van die kindermolesteringseenheid, die kommando's, die perlemoen-eenheid en so gaan die lys aan.

► **Nie dat die misdadigers iets sal agterkom nie: elke dag is reeds vir hulle 'n dag om te verkrag, te steel en te moor.**

### 👉 Nog 'n plaasmislukking

Die regering het noordoos van Tshwanetoria 'n produktiewe volstruisplaas van 42 ha vir swart boere gekoop.

Agtien maande later het al die plaaswerkers hul werk verloor, die ses boere het derduisende rande se skuld en al die volstruise het gevrek. Die petalje kos die regering reeds meer as R3,5 miljoen.

► **As die ANC maar net iets uit al die plaasmislukkings sal leer, maar dit lyk nie so nie.**

# Allegaartjie



## HAAI-AANVALLE: Hoe gemaak?

### 1. Moenie in die see swem nie.

Meer as 99% van alle haai-aanvalle gebeur in groot watermassas, ook bekend as oseane. Die manier om vas te stel of jy in 'n oseaan is, is om die water te proe. Dit behoort sout te smaak.

### 2. Swem saam met vet mense.

Sorg altyd dat daar groot, vet mense saam jou in die water is. Die kans dat jy vinniger as hulle kan swem en wegkom is baie goed!

### 3. Dokter die sonblok.

Om jou kans op 'n aanval verder te verklein, vervang jou sonbrandmiddel met iets wat na gebraaide biefstuk ruik.

### 4. Moenie sonder 'n mes in die water gaan nie.

Dis sodat jy die swemmer naaste aan jou kan steek as jy 'n haai gewaar. Sodra hy lekker bloei, swem so vinnig weg as wat jy kan.

### 5. Luister met aandag!

Elke haai het 'n temaliedjie. As jy die volgende hoor, swem vir jou lewe: da-dam... da-dam... da-dam

As dit so klink: dadam, dadam, dadam is dit reeds te laat.

### 6. Moenie paniekerig raak nie.

Bly kalm as 'n haai jou byt. Jy is in elk geval in jou moer in en dit sal nie help jy probeer oorleef nie. Die mense op die strand sal dit waardeer, want om iemand soos 'n mal mens te hoor skree en gil, is nie lekker nie. Dink aan die kinders, man.

### 7. Moenie die haai uittart nie.

Hulle voeter nie in jou agterplaas rond nie, so bly weg uit húl agterplaas. Hulle was immers eerste hier.



## Miskien het hy tog 'n punt beet?

Die Indiaanse hoofman Twee Arende word deur 'n wit amptenaar van die Amerikaanse regering besoek.

"Jy het die wit man die afgelope 90 jaar waargeneem. Jy het sy oorloë en sy tegnologiese vooruitgang beleef. Jy het sy vooruitgang gesien, en ook die skade wat hy veroorsaak het," sê die amptenaar.

Die hoofman knik instemmend.

"As jy dit alles in berekening bring: Waar dink jy het die wit man die pad byster geraak?"

Die hoofman het die amptenaar 'n minuut lank stilswyend aangekyk, en toe kalm geantwoord:

"Toe wit man land kry, Indiane regeer. Geen belasting, geen skuld, baie buffels, baie bewers, skoon water.

"Vroue doen werk, medisyneer werk verniet. Man spandeer elke dag met jag en visvang; elke nag met seks."

En toe leun die hoofman agteroor en glimlag. "Net wit man dom genoeg om te dink hy kan stelsel verbeter."



## Dié week se giggels

### TIEN GEBOOIE

Die dominee is besig om die Sondag-skoolklas vir kleuters te onderrig. Hy behandel die Tien Gebooie, en spesifiek "Jy mag nie steel nie".

Hy vra vir klas: "Wat vertel die koekblik op die spensrak vir julle?"

Die seuntjie steek sy handjie op en sê: "Laat die kindertjies na my toe kom en verhinder hulle nie."

### SKOON LEWE

Die aangeklamde kêrel in die kroeg spog oor sy skoon lewe.

"Ek kan eerlik sê ek het nooit seks met my vrou gehad voordat ons getroud is nie," sê hy. "Kan jy dieselfde sê?" vra hy vir ou wat langs hom sit.

"Ek weet regtig nie," antwoord die man. "Wat was haar nooiensvan?"



### BRILJANTE VROU

Ek kyk my vrou op 'n dag so en sê:

"Liefie, toe ons 30 jaar gelede getroud is, het ons 'n goedkoop woonstel en 'n goedkoop kar gehad. Ons het op 'n sofabed geslaap en na 'n swart en wit TV stel gekyk. Maar ek het elke aand by 'n vuurwarm blondine in die kooi geklim.

"Nou het ons 'n mooi huis, 'n mooi kar en 'n plasma TV skerm. Maar ek slaap elke aand by 'n vrou van 55. Ek dink nie jy is besig om jou kant te bring nie."

My vrou is 'n baie redelike mens. Sy sê toe ek moet gaan en vir my 'n warmbloedige 25-jarige blondine soek. Dan sal sy wat my vrou is, seker maak dat ek weer in 'n goedkoop woonstel bly, in 'n goedkoop kar ry, op 'n sofabed slap en na 'n klein swart en wit TV kyk.

Ouer vroue is briljant. Hulle weet presies hoe om jou middeljarige krisis op te los.

### BAKLEI

Ek was besig om kanale op die TV te verwissel, toe my vrou langs my kom sit.

"Wat's op die TV?" vra sy.

"Stof," sê ek.

En toe begin die bakleiery . . .

"Moenie vra wat jy vir jou land kan doen nie; vra wat is vir aandete."  
-- Sophia Loren.

### ROTTE VERVANG

Suid-Afrikaanse wetenskaplikes het 'n bestelling vir 50 staalhokke vir laboratoriums geplaas.

Proefnemings wat voorheen op rotte gedoen is, gaan nou met politici gedoen word.

Die wetenskaplikes sê hulle raak te geheg aan die rotte.

### DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker



## Word ons nou regtig gek?



Net ingeval jy nog getwyfel het dat die mensdom besig is om stapelgek te word, hier is 'n paar bewyse:

### Op Pick n Pay grondbone:

Waarskuwing: Bevat neute.  
(*Wat 'n nuusflits!*)

### Op Clicks se hoesmedisyne:

-- Moenie motorbestuur of met masjinerie werk nadat medisyne gedrink is nie.  
(*Ja, dink net hoe die ongeluksyfer sal daal as ons vyfjariges van sulke goed af weghou!*)

### Op Woolworths se broodpoeding:

-- Produk sal warm wees nadat dit verwarm is.  
(*En jy het gedink . . . ?*)

### Op 'n haardroër in Clicks:

-- Moenie gebruik as jy slaap nie.  
(*En dis dan al tyd wat ek vir my hare het?*)

### Op 'n koekie Dove seep:

-- Gebruik soos gewone seep.  
(*En hoe sal dit wees?*)

### Op gevriesde etes in Checkers:

Opdien-wenk: Ontvries.  
(*Let wel, dis net 'n wenk!*)

## Kammalander soek stories

**Een van ons senior Kammalander (en 'n man wat ook gereeld sy intekengeld betaal) is dringend op soek na stories oor die Italiaanse krygsgevangenes wat in die Tweede Wêreldoorlog in Duskantland diens gedoen het.**

### Quintin du Plooy skryf:

Daar was gedurende die Tweede Wêreldoorlog etlike duisende Italiaanse krygsgevangenes in Suid-Afrika en, as ek tussen die lyne lees, het daar heelwat storiëttjies, mooi en lelik, hartseer en komies, uit dié gebeurtenis voortgespruit. Ek wil baie graag soveel moontlik van dié stories versamel.

Ek self is nou geraak deur die gebeure van dié era, wat vir my soms 'n wiskundige probleem baar: eenhonderd persent boer, maar tog vyftig persent Italianer. Verlede jaar, op 62-jarige ouderdom, het ek my biologiese pa die eerste keer in sestig jaar gesien.

Maar dit is nie dié soort stories waarna ek op soek is nie. Veel eerder dié soos van die welmenede Vrystaatse boer wat 'n vrag driewe by die konsentrasiekamp afgelaai het, van die Italianers wat besluit het om wyn te maak eerder as om die driewe te eet, wat op Oujarsdagaand die bewaarders smoordronk gemaak, in die bed gesit en die dorp ingevaar het om al wat wakker was te *serenade*. Hulle het die wagne daarna met sterk koffie wakker gemaak het en hulleself weer toegesluit.

### Dís die soort stories wat ek dringend soek.

Dringend, omdat diegene van my ouderdom waarskynlik die laaste is wat dié soort stories sal vertel.

● As daar Kammalander is wat sulke verhaaltjies ken en nie daarteen beswaar sal maak as ek dit effens romantiseer en publiseer nie, sal ek dit baie waardeer as hulle dit vir my kan aanstuur by [qduplooy@telkomsa.net](mailto:qduplooy@telkomsa.net)



# MAKERIEPAS

## Mosambiek-safari - Deel 3

Deur Corinus du Toit

*(Vooraf: As deel van die Nkomati-verdrag het Suid-Afrikaanse soldate Mosambiekers moes leer om 'n klomp geskenkte voertuie te bestuur en te onderhou.)*

Die volgende oggend begin die sports. Vragmotors is by MAN aangekoop en hulle gee twee senior instruktors om met die opleiding te help. Eerste vraag is: "Wie is die werktuigkundiges?" Niemand nie, en daar was veronderstel om vyf te wees. Volgende vraag is: "Wie het bestuurslisensies?" Vyf hande gaan op - en daar was veronderstel om 35 te wees. Hulle word toe summier werktuigkundiges. 'n Paar beweer hulle kan darem fietsry, maar dit help my niks, want ek het sewe dae om hulle opgelei en met voertuie en al by Beitbrug oor die grens te kry. Ek glo tot vandag toe dat iemand aan Mosambiek-kant gegly het en toe Pretoria begin navraag doen, is die eerste beste 40 drommels bymekaargemaak en lughawe toe gestuur.

As deel van die voorbereiding het ek met ons kapelaan gaan praat, en hy kon dit regkry om 'n kanton met 144 Bybels in Portugees iewers vandaan te toor. Die Bybels het so 'n smaraggroen omslag. Gedagtig aan die sensitiviteit van so 'n gebaar, laat plaas ek vyf Bybels die aand in die menasietent en vra die tolk om te sê dat ons nou nie weet of hulle dit sal wil gebruik nie, maar daar is 'n paar gratis Bybels vir dié wat miskien daarvan sal wil neem.

Nie lank nie, of hulle laat vra of daar nie nog is nie en ek stuur die hele kanton. Hulle stoei soos in 'n losgemaal en binne minute is daar niks oor nie. Of hulle nou die bladsye gaan gebruik om zolle van te draai of dit selfs gaan verkoop, kan my nie in die minste skeel nie, maar immers gaan 144 Bybels (of dan minstens gedeeltes daarvan) iewers in die afgeleë dele van Mosambiek beland.

Die volgende aand is dit fliektyd en hulle kyk *Apocalypse Now*. Duidelik is hulle nie gesoute soldate nie, want met sommige van die gevegstonele hou hulle gesigte toe en kyk deur skrefiesvingers. Op 'n stadium daag twee platbak-vragmotors van iewers uit Afrika op om twee laaigrawe, wat deel van die voertuigpakket uitmaak, te kom oplaai. Al hul bande is gladder as 'n politikus in die nuwe Suid-Afrika se mond.

Ná sewe dae pak ons die tog Beitbrug toe aan - 180 km weg - en die opleidingspan voel sewe jaar ouer. Gelukkig is daar net een dorp om deur te ry, Messina. Ek ry vooruit en gaan reël met Messina se verkeershoof om die hoofstraat te sluit vir die deurtog, wat laat die middag teen 20 km per uur plaasvind.

Dis omtrent die spoed waarmee hulle vanaf Madimbo aangekruie het, en nogtans het een drywer dit reggekry om sy voertuig se neus so teen die stert van 'n ander te kreukel dat dit gesleep moet word. Die sypaadjes staan vol mense wat hulle aan die skouspel vergaap.

So skuins voor vyf stop ons voor Zimbabwe se doeane. Ná my lang gewag met Paasaweek daar is ek omtrent op voornaamterme met van die doeane amptenare. Wat egter gemaak met die voertuig op sleeptou? Ek sê vir die tiffie om af te haak. Daar is nie 'n manier dat die ding terugkeer Suid-Afrika toe nie. Vir nog 'n langnaweek by Beitbrug terwyl ek wag vir Mosambiekers om op te daag, sien ek nie kans nie.

Hoe lank het die voertuig toe daar bly staan? Vir maande. Het die konvoi ooit Mosambiek via Mutare (die ou Umtali) bereik? Ek glo stellig so, maar wat dit aan die senuwees van die Zim-verkeersowerhede gedoen het, sal ek nie weet nie. Ook weet ek nie hoe lank die goed wel kon ry nie. Met fietsryers wat in sewe dae as swaarvoertuigbestuurders opgelei is en motorbestuurders wat in dieselfde tyd as swaarvoertuigwerktuigkundiges opgelei is, kon dit waarskynlik nie lank gewees het nie.

Toe my eie drie kinders later moes leer motorbestuur, was ek nie in die minste op my senuwees nie, want dié het ek in 1985 in 7 dae op Madimbo se aanloopbaan vir altyd verloor.



# AFRIKAANS is mos my taal

## "Hy weet daarvan soveel as 'n kat van saffraan."

Dis een van die baie bekende spreekwoorde in 'n taal wat só ryk aan idiome is.

### Maar wat is saffraan?

Dit is die heel duurste spesery ter wêreld – vir dekades gewigsgewys duurder as goud – en is sinoniem met skoonheid, grasia en goeie smaak, en uniek omdat die aroma en geur daarvan nie gedupliseer kan word nie.



Dit word gekenmerk deur 'n bitter smaak en 'n jodoform of hooiagtige geur en 'n gee aan kos 'n ryk goudegeel skakering. Saffraan het ook mediese toepas-sings.

Dié spesery word uit die stampers van die krokusplant berei. Die Maleierslawe aan die Kaap was op hul beurt groot kenners van speserye, omdat hulle uit die spesery-ryke Ooste hierheen gebring is. Boonop was die Kaap op die seeroete tussen Europa en die Ooste, en saffraan was dus vir die Kapenaars niks vreemds nie.

Die herkoms van die idioom is onbekend, maar dit word reeds in een van die vroegste Kaapse geskryfte opgeteken as "Wat weet 'n kat van saffraan?"



## So 'n bietjie PITKOS

### Die wêreld se gevaarlikste kreatuur

Nie haai of slange of spinnekoppe nie, maar die malaria-parasiete wat deur die malaria-muskiet gedra word. Sedert die steentydperk het hulle tot die dood van mer mense gelei as wat in oorloë en natuurrampe dood is.

Malaria is so te sê uitgewis in ontwikkelde lande, maar saai steeds die dood in tropiese streke. Dit word beraam op 2.7 miljoen sterftes per jaar, waarvan 70% in Afrika voorkom.

### Kobra se moses



Daar is meer as 2 400 soorte slange, maar net sowat 100 is gevaarlik vir die mens. Die meeste natuurkenners glo die taipan-slang van Australië is die giftigste. Sy gif is 50 keer sterker as die koningkobra s'n, en hy laat met een pik genoeg gif los om 100 mense dood te maak.

### Beste passasiersvliegtuig

Die DC-3, algemeen bekend as die Dakota, word as die beste passasiersvliegtuig nog beskou. Dit was die werk van die Amerikaanse Douglas Aircraft Company, en hy is aangedryf deur twee skroewe wat elk 1 200 perdekras lewer. Die Dakota se topsnelheid was 300 km/h en hy kon 28 passasiers vervoer.

Die Dakota se eerste kommersiële vlug was in 1936, en daar is altesaam 10 655 gebou. Geen ander vliegtuig was so suksesvol nie.

'n Man kom op 'n dag by die huis aan, waar sy vrou hom in haar seksieste nagrokkie inwag.

"Maak my vas," koer sy, "en doen dan net waarvoor jy lus het."

Toe maak hy haar vas en gaan speel golf.



## Outydse rate

### Mevr. DJH se Geneeskundige Raadgevingen (1913)

#### Versterkmiddels

Klits een rauwe eier met weinig zout, neem om 11 uur. En bottel portwijn met een flesje versterkdruppels, dreemaal daags een eetlepel vol.

#### Verdrinken

Neem de drenkeling. Leg hem op zijn buik neer. Gaat over hem zitten, neem hem onder de armen, druk met uwe knieën tegen uwe handen. Laat Los en herhaal als was het voor een halfuur. Door hem zo te drukken en te lossen brengt men de asemhaling te weeg. Draag de drenkeling met het aangezicht naar onderen gekeerd en het hoofd opgelicht, behandel zacht, ontkleed hem, wrijf droog. Wikkel in warme dekens. Zie ademen teweeg te brengen door de armen lansaam boven het hoofd te brengen en ze dan snellik neder te laten en aan de kanten van de borst vast te drukken. Geef brandewijn.

**(Ingestuur deur Gerrit Theron van Hartenbos)**



## STAMBOOM

### Waar pas jy in?

Gaan gerus na *Onsdorp* [www.onsdorp.com/stamboom](http://www.onsdorp.com/stamboom) Jy sal die wagwoord *boomstam* moet gebruik om toegang te verkry.

#### Hier is die besonderhede van die jongste familiespeurders:

##### Knoetze

[speedy.knoetze@gmail.com](mailto:speedy.knoetze@gmail.com)

Soos ek verstaan is daar twee groepe Knoetze's in SA, die een klomp kom oorspronklik voor in die ou Transvaal en die ander groep kom voor in die Vrystaat (Boshof). Indien iemand meer informasie het laat weet my gerus.

##### Pentz

[simonek@mweb.co.za](mailto:simonek@mweb.co.za)

Ek wil uiteindelik probeer om 'n volledige Pentz-stamboom saam te stel. Enige Pentz'e kan my kontak. Sien ook Pentz-foto's op [www.safamilytree.co.za/families.htm](http://www.safamilytree.co.za/families.htm)

##### Seaman

epos: [crousec@lantic.net](mailto:crousec@lantic.net)

Ek is op soek na meer inligting oor my Oupagrootjie, Christiaan Hendrik Jacobus Seaman se voor- en nasate.

## Inskrywings in 'n Suid-Afrikaanse algemene hospitaal se register

1. Die pasiënt het 'n lykskouing geweier.
2. Die pasiënt het geen vorige geskiedenis van selfmoord nie.
3. Die pasiënt het haar wit bloedselle by 'n ander hospitaal gelos.
4. Die pasiënt se mediese geskiedenis is baie nietig met slegs 'n toename van 20 kg in gewig die afgelope drie dae.
5. Sy het geen trekkings of kouerillings nie maar haar man sê sy was gisteraand baie warm in die bed.
6. Die pasiënt kry borspyne as sy langer as 'n jaar op haar linkersy lê.
7. Die pasiënt is baie hartseer en huil gedurig. Dit lyk of sy ook depressief is.





# BRIEWEBUS

## Kammanuus se lesers aan die woord

E-pos aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com) en verstrek asseblief jou naam, van en tuisdorp. **Briewe word onveranderd geplaas.**

### Wie moet betaal vir Kammanuus?

#### **Lizzie Kruger, Pretoria:**

As jy maar net weet hoe geniet ek al die dinge van Onsdorp. Eintlik voel ek skaam omdat ek nie die jaargeld vir *Kammanuus* kan bekostig nie. Volgende maand word ek 71, 'n pensioenaris, en glad nie 'n rykgat een nie. Sal jy verskoon as ek nie die jaargeld kan betaal nie?

(Moenie skaam voel nie, tant Lizzie - *Kammanuus* is gratis vir pensioenarisse en behoeftiges. Die mense wat moet skaam voel, is die groot gros wat dit kan bekostig, maar verkies om gratis op die soustrein saam te ry. So is ons ou volkie maar - kort armpies, diep geldsakke. En g'n niks skaam nie. - Hennie.)

### Nood leer bak in Texas

#### **Esmé Els, Texas:**

Jong, bietjie laat innie maand om nou vir jou te laat weet dat jou nuusbrief hier 'n groot 'hit' in onse huis in Texas is! Ek geniet die stories, veral van die Anderkant mense oor.

Soos die ou Afrikaanse spreekwoord sê : "Nood leer Bid", wel nou ja, dis baie waar, maar die van julle wat in 'n Anderkantland sit, sal ook baie goed verstaan dat, wanneer daar klaar gebid is, dan verander die spreekwoord na "Nood leer BAK". Soos meeste van ons hier in die VSA, is dit maar 'n ding wanneer die hongerpyne vir regte boerekos jou beetkry !

Jou biltong-vragie het my laat beseft hoe erg ons ou Suid-Afrikaners is op ons biltong! Hier kry mens ook baie verskillende geroekte en gekookte en gebakte vleis-goed wat deurgaans as "the best jerkey", en ons het al almal van dit probeer as die kwyl van lusword vir biltong te erg raak, maar dan weer uitspoeg en neus optrek.

Dan begin mens maar rondvra en bedel vir regte biltong en 'surf oppie net' vir ons ou bekende smake! Hier is waar "nood leer self bak" inkom. Maak jou eie!! Maak baie en maak dit soos net JY daarvan hou of jy nou van die noorde in die Transvaal kom, of jou smaak is meer soos in die Suide innie Kaap, Weskus of waar ookal - jy kan dit hier maklik self maak. Maak vir jou 'n biltong boks. Ons het 'n webwerf hier in Austin, TX vir Suid-Afrikaners in die VSA en het 'n lekker reseptebladsy begin, my maandelikse Nuusbrief en alles en nog wat, om ons klomp SA'ners hier maklik aan die gang te hou.

Laat dit goed gaan met julle almal en sien ons ook op "South Africans in Austin" Group op Facebook.

Chorts uit 'n koelerige Austin. [www.sa-austin.com](http://www.sa-austin.com)

ps. Ek mis my Suidwes-plaasduine... die reuk van die wildduin-lug ... my Weskus muisbosskerm... die seebries vannie Baai... die Karoobome en plein ou boerpampoen! ;-)

(Lekker om van jou te hoor, Esmé! Ek gaan beslis op julle webwerf loer vir 'n lekker biltong-'reseppie'! - Hennie.)

### Poetse bak is 'misdad'

**Elsa McElroy, Kanada:** Ek woon darem nou al te miljoen baie jare hier in die ysberse se land - reen is ek gewoond, haal dit sommer asem - kapok okay - loop met die graaf en skoffel kapok vir oefening. Maar o - Ek mis die WINTER SONNETJIE. Daardie lekker leeglê in die sonnige sitkamer venster met die Huisgenoot - sal dit seker nooit weer sien nie.

Het biltong vreeslik gemis, maar nou is hier 'n slagter ('n S Afrikaner) wat dit maak. Kry sommer lekker boerewors ook daar. En hy voer ultramel vla in - oe! Dan eet ek lekker. Ultramel en Koo Koejawels.

Dit is goed wat ek mis. Maar die meeste? Die boere se sin vir humor. Poetse bak word hier gesien as leed aandoen. Lag lekker en hulle wil jou sommer voor

die hof daag. Ja - meeste van alles mis ek my familie en die poetsbakkery wat nooit end gekry het nie.

## Bly lekker, maar mis baie

**Lelanie Crous, Nieu-Seeland:**

Ek en manlief het 'n paar maande gelede ons tuisland verruil vir die "mislike twee eilandjies van die All Blacks" (Roelfie se woorde). Ons was einlik baie aangenaam verras dat dit toe nie so mislik is nie. Hulle het simpel padreels, wat net 'n Kiwi kon uit dink, maar alles kan ook nie 100% perfek wees nie. Die goed wat ek en manlief die meeste mis, is natuurlik om te kan braai! BBQ is net nie dieselfde nie en ek praat nie noodwendig van die smaak van die vleis nie, ek praat van die kuier en geniet. Die samesyn met vriende. Hoe kuier jy nou met niks.....en dan eet jy?

Ons is gelukkig dat een van die grootste supermarkte wel SA produkte verkoop, waaroor ons baie bly is, maar daar is nie Mayonaise nie. Die aartappelslaai wil maar net nie reg proe sonder Crosse & Blackwell nie.

Ons is ook nog baie hard opsoek na 'n steakhouse waar die steaks lekker kan gaarmaak. Ons mis die Spur marinade! Enige marinade! Ons koop maar ons marinade by die SA winkel en BBQ steaks by die huis, smaak soveel beter. Wanneer ons wel 'n restaurant besoek, bestel ons maar hulle "lamb shanks" Dis uitmintend. Manlief vra tog dat ek byvoeg, dan ons SA se lang reguit paaie nou meer waardeer. Die passe wat ons gereeld moet ry, is uitputtend.

Tenspyte van die bogenoemde is ons baie gelukkig, veilig en ontspanne en geniet ons nuwe leefstyl terdee.

---

## AGTEROS

---

# Kluite toe

Deur **ANDRÉ DIPPENAAR**

**"Vir een pond loop en snik hulle saggies agterrie kis aan.  
Teen een pond en tien sjielings loop en tjank hulle  
hoorbaar. Vir vyf pond ween hulle oordadig."**

So loop staan en ry ek mos op 'n slag saam met oorle oompie Doors Calvinia toe. Begrafnis toe. Hettie eers die oorle oom geken wat ingespit word nie. Net saam ter wille van geselskap.

So in die ry vertel oompie Doors vir my van die slag toe hulle vir oorle oom Kareljtjie Nel, Kareljtjie Katknyp het hulle hom gestaan en bynaam, onner 'n sandkaros loop staan en toemaak het.

Was die ou nooit getroud. Oom Kareljtjie. "Maar", vertel oompie Doors, "so is die ou darem nie sonder die vreugdes van die vlees weggeraap nie. Kon g'n ding wat hurk en piepie met rus laat nie. En wýn gevat, ou Swaer, die ou het gesmaak oor 'n bottel harrehout soos hanslam oor 'n vals tiet."

So boer oorle oom Kareljtjie Katknyp tussen Brandvlei en Kenhardt. Alleen soos 'n weedas in 'n voerkuil.

Droë wêreld. Dáái kontrei. Weet Oompie te vertel lat die ou mense wat kon onthou, sê dat met die Sondvloed het daar nie 'n enkele druppel reën geval nie. So droog dat Noag die ark tussen Brandvlei en Carnarvon met donkies moes loop staan en sleep het.

So loop staan en sak daar mos op 'n dag 'n weer uit wat g'n mense-oog vir jarre aanskou het nie. Lyk dit vir die ou lat dit wyd reën. So loop staan en bel die ou sy buurman midde in die gedonder en gebliksemry om te verneem of daar darem ook 'n watertjie val.

"Is dit mos net daai tyd lat die Man met die Sens loop staan en boeke opmaak en oom Kareljtjie se nommer raakblaai. Raak die Sensman halfpad oorhaastig en loop maak hy sommer vir oorle Kareljtjie met 'n bliksemstraal bymekaar. Slaat weerlig oppie telefoonpaal by die hoek vannie huis en hol sulke blou vlamme al met die drade langs, deur daai outydse houtbokstelefoon. Ruik jy net hare en

skroeivleis. Kom kry Buurman hom stokstyf langs die telefoon lê. Gehoorbuis swart gesmelt in die ou se hand. Kos vir ons die koort knip en die ou so met gehoorbuis en al kis," vertel Oompie.

Bel die prokureur vir oompie Doors. Is een van oorle Kareltye se laaste wil en wense dat oompie Doors sy begrafnis moet reël. Geheel en al vyfhonderd pond bewillig en loop staan en beskryf Oompie moet oppie soller loop kyk. Virrie kis. Klaar betaal. Spiknuwe pyjampak innie kis. Virrie reis Oorkant toe.

"Haai en reken, het die ou mos g'n kind of kraai nie. Sal hy so wragtig die plaas en alles wat daarop is vendusiewaardig beskrywe. Pla die ou se gewete geheel en al die opbrengs Pretoria toe. Tehuis vir ongehude moeders toe", borduur Oompie voort.

Wil g'n predikant vir ou Kareltye help bêre nie. Reken Oudoom dat nie eens die Voorsitter van die Ring sy weg oopsien om vir die ou 'n boodskap vir die pad te kom gee nie. Kwansuis oorlat hy met sy doop laas die binnekant van 'n kerk gesien het. En natuurlik die annerlike stories. Soos die katknypery in die donker. Stories wat nie kans had om by die Eerwaarde Kerkraad verby te sluip nie.

So vat oompie Doors voor. Sal sommer self die teraardebestelling doen. Saam met 'n horde drinkebroers en ander welmenende belangstellendes.

"Nou moet jy weet ou Swaer, daai dae was 'n man se gerekentheid gemeet aan die val van die trane en die hoorbaarheid van die geweene. So loop staan en en kry ek pryse by die begrafnisonnerner. Het hy mos 'n spulletjie opgeleides bymekaar gemaak wat jy kan huur. Vir een pond loop en snik hulle saggies agterrie kis aan. Teen een pond en tien sjelings loop en tjank hulle hoorbaar. Vir vyf pond ween hulle oordadig en werp twee van hulle hulle sommer oppie kis neer wyl dit gat af sak. So besluit ek en my feeskomitee ons gaan vir die laaste opsie."



Dag van die begrafnis staan die werf vol rygoed. En mense. Meesal mansmense. Net handjievul vroumense te sien. Reken oompie Doors dit was seker net die paar onvergenoegdes wat oorle Kareltye in lewe oorgeslaan het. Seker kom oortuiging soek dat hulle laaste kans werklik toegegooi word.

Plaasvolkies begin grou in daai harde grond. Ses by drie by ses het oompie Doors self die bouplan loop staan en teken.

Begin die manne al vroeg afskeid neem. Wit bolle skuim op die mout. Bottel vir bottel hardhout groet hulle. Teen dienstyd is meeste begrafnisgangers al duidelik getreur. Loop sommige van hulle sommer so langs hulle eie spore. Val agter die kis met gehuurde weners in.

Kom kring die ou spulletjie in verskillende staat van droefenis rondom die gat. Bid oompie Doors. Sê dankie vir die voorreg om rondom 'n geopende graf te kan kom staan. Sê dankie dat oorle Kareltye se lewe so vol avontuur kon gewees het. Pleit dat die Liewen Heer hom toggie te hard sal oordeel oorlat hy meer kwaad as goed loop en doen het nie. Soebat dat Hy tog kennis sal neem van daai bemaking aan die ongehude moeders. "Ter versagting in U naamswil" is sy laaste versugting voorlat hy daai gebed plegtig met amen tot halt loop staan en roep.

Sing die spannetjie droefgeestig "Rust mijn siel..." Ook maar ylerig, want g'n mens het gesangboeke saamgebring nie. Loop raak een van die erg bewoë vrinne by die tweede versie deurmekaar en sit in met "O brannewyn laat my staan" Uit volle bors beaam en ondersteun die res van die agtergeblewenes.

Vertel Oompie lat toe die manne daai kis met baaltou stemmig laat sak, issit mooi die tyd lat een van Satan se duiweltjie-telge ongenooïd daar loop staan en aankom. Beset hy oom Gert Abjaterskop se liggaam opslag. Soos daai swyne innie Bybel. Trap die ou die gat se rant mis. Gly die graf in. Amper soos 'n otter teen 'n nat rivierwal af. Loop staan en val hy ekstra gewig bo-oppie kis.

Gly daai baaltou in slote deur daai klompie kis-sakkers se hanne lat daar eintlik 'n wolk rook bokant daai graf loop staan en hang. Stink daai hele vlakke na geskroeiende mensvleis.

Ween daai spul kis-sakkers agt keer harder as die spannetjie gehuurdes. Het hulle gewenery g'n stuk niks met hartseer te make nie.

Loop staan en slinger nog vier droefsuipiges al singende die gat in.

Toe's daai oorblywende manne éérs vrolik bedroef. Gryp een sommer 'n graaf en beginne opslag toegooi. Beginne help die anner spul ook. Toe't die grawe loop staan en opraak, loop staan hulle sommer so kaalhanne en grond bymekaarmaak. Maar toegooi, die góoi hulle!

Sê oompie Doors, "Ou swaer, dis net deurie liewe jirretjie se genade lat die grond daai slag loop staan en min raak het, anners het dit vir ons gekos marmer van Italië af gelat kom het om vir daai massagraf 'n deksel op te sit."

Loop ruk ons bedees tot stilstand vlakvoor Calvinia se kerk.

---

**JY WEET JY WORD OUD . . .**  
**. . . jy 'n partytjie gooi, en die bure weet van niks**

Jou volgende **KAMMANUUS** is oor 14 dae -  
op 23 Februarie hierdie jaar.